# Die Drie Golgotas

## Die Hoë Berg

Koos van der merwe | Eden Gemeente | 13 April 2025

**Sonde, Kersfees, Paasfees, Hemelvaart en God se Geheime Plan**

Wat is sonde?

“Sonde is ’n woord, daad of begeerte in opposisie teen die ewige wet.” (Augustinus, teoloog uit die 4de tot 5de eeu)

Die ewige wet is ook die ewige wil, of plan van God.

Augustinus sê die kern van sonde is om nie te wil hê God se plan, God se wil moet gebeur nie, om daarvan af te wyk, dit te opponeer, of te probeer verhoed. As dít die essensie van sonde is, dan sou Satan, wat geheel en al sondig is, se motief en fokus altyd wees om God se wil, se wet, se plan, te probeer uitvind, en te probeer verhoed of omverwerp.

Hier vóór Pase herinner Paulus ons aan hierdie ewige plan van God. En hy sê dat Jesus se geboorte, lewe, dood en opstanding, Kersfees, Paasfees en Hemelvaart, nie ’n onbeplande krisis-ingryping was nie, genoodsaak omdat God onkant betrap was deur dit wat in sy skepping gebeur het.

Nee, nie God nie, maar wel die engele en die duiwels is onkant betrap, verras. Want God se plan was ’n misterie, ’n goed-weggesteekte geheim, sê Paulus. Die geheim was dat Jesus, God die Seun, mens moes word, om deur sy sondelose lewe, sy dood, en opstanding, redding te kom bewerkstellig. Dit was God se ewige plan, om regverdige genade moontlik te maak. Nog voor Hy die mens geskep het, het Hy voorsiening gemaak vir ’n oplossing indien mense met ’n vrye wil verkeerd sou kies.

**Efesiërs 3:7-11 (Amp)**

7 Of this [Gospel] I was made a minister...

8 ...to proclaim... the unending (boundless, fathomless, incalculable, and exhaustless) riches of Christ [wealth which no human being could have searched out],

9 ...to enlighten all men *and* make plain to them **what is the plan... of the mystery kept hidden through the ages *and* concealed until now in [the mind of] God** Who created all things *by Christ Jesus...*

10...that through the church the complicated, many-sided wisdom of God in all its infinite variety *and* innumerable aspects **might now be made known to the angelic rulers and authorities (principalities and powers) in the heavenly sphere**.

11 This is in accordance with the terms of **the eternal *and* timeless purpose which He has realized *and* carried into effect in [the person of] Christ Jesus our Lord**...

Jesus het God se ewige, verborge, weggesteekte, geheime plan, God se weggesteekte waarheid, die Goeie Nuus, die Evangelie, kom uitvoer.

**Satan se Moordplanne**

Dit is daarom te verstane, dat Satan enige iets sou doen, vanaf Jesus se geboorte, om Jesus teen te staan of dood te maak.

Hy weet God het mense lief. Daarom sal hy die Een wat kom om God se reddingsplan vir mense te kom implimenteer wil uitwis, soos hy natuurlik ook elke mens wil uitwis.

**Johannes 8:44**

Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie...

Satan het dit nie reggekry om Jesus as baba net ná sy geboorte te laat vermoor nie. Josef luister as 'n engel hom in 'n droom waarsku oor Herodes se moorddadige planne en hulle vlug Egipte toe totdat die kind veilig na Herodes se dood.

Nog 'n moordpoging... Op 'n keer het Jesus in die sinagoge in Násaret Jesaja 61 gelees en gesê dat dit Hý was van wie Jesaja geskryf het. Hý was die Een wat gekom het om God se plan uit te voer:

**Lukas 4:18-19, 21**

18Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te
bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; 19om aan gevangenes
vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg
te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig...

21Toe begin Hy vir hulle te sê: Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul.

En wat was die reaksie na Jesus se gesprek? Die woedende Jode het Hom met geweld na ’n afgrond buite Násaret toe geneem om Hom af te gooi en te vermoor. Maar Jesus het wonderbaarlik tussen hulle deurbeweeg en het die gevaar ontkom. Wie dink jy was agter die Jode se haat en moorddadigheid? Natuurlik die een wat die boodskap wat Jesus daar in die Sinagoge gebring het, “Ek het gekom om God se genadeplan uit te voer,” wou verhoed.

So was die ook versoeking in die woestyn ’n plan van die Bose, nie net om Jesus te verwar of ontspoor nie, maar te vernietig, te vermoor. (Later meer hieroor.)

Kom ons lees oor die derde versoeking...

**Matthéüs 4:8-11**

8Weer neem die duiwel Hom saam na ’n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid,

9en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.

10Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.

11Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien. (En toe die duiwel elke versoeking geëindig het, het hy ’n tyd lank van Hom gewyk.—Lukas)

## Die Aard van Versoeking

Kom ons dink aan wat versoeking regtig is.

’n Versoeking het altyd ’n rasionaal. Iets wat dit moontlik maak vir die persoon wat versoek word om dit te kan regverdig, ten minste terwyl hy besig is om dit te oorweeg. ’n Versoeking moet uit die aard van die saak aanloklik lyk, ja, maar hoe groter ’n versoeking, hoe slinkser moet dit aangebied word, op ’n manier dat dit nie noodwendig verkeerd moet lyk nie—die

moontlikheid dat dit dalk reg kan wees moet nie verregaande of absurd lyk nie. En ook, as die een wat jou versoek ooglopend afstootlik, boos, vals en wreed lyk, val die versoeking ook plat, verloor dit die vermoë om jou te versoek—dit skrik jou eerder af.

Daarom, om wel ’n versoeking te kan wees moet hierdie derde versoeking van Jesus, naamlik om die duiwel te aanbid en so in beheer te kom van al die regerings in die wêreld, vir Jesus ’n stryd wees, omdat dit iets is wat blyk dat dit moontlik die regte ding kan wees om te doen. Iets wat selfs lyk asof dit van God af kan kom. As Jesus die sterkste versoeking wat daar kan wees moet weerstaan, dan moet dit vóórkom as baie aanloklik, en nie verkeerd nie, en ook dat dit kom van iemand wat nie ooglopend boos lyk nie, maar iemand wat goeie bedoelings het en Jesus se belange op die hart dra.

Dit beteken dat die drie versoekings elkeen op sy eie gebeur het, drie afsonderlike versoekings. Elke keer moes dit aanloklik wees, elke keer moes dit vir Jesus tydens die versoeking voel dit mag dalk die regte ding wees om te doen, en in elke keer moes Jesus iets onderskei wat nie onmiddelik duidelik was nie, naamlik dat dit die duiwel was wat met Hom besig was. Hy het dit nie dadelik geweet nie, anders sou dit nie ’n versoeking kon wees nie. Hy moes dit onderskei. Want Jesus is as méns versoek. Net soos ek en jy versoek word.

**Jesus se Mensheid**

Die versoekings van Jesus, soos alles in sy lewe, het Hy as mens beleef.

Alles wat Hy gedoen en geweet het, moes Hy leer uit die Skrif en in sy toewyding aan sy Vader. Hy was nie soos ’n alwetende God wat net in ’n menslike liggaam leef nie, terwyl Hy steeds funksioneer met die bonatuurlike krag en kennis wat Hy permanent gehad het voor Hy mens geword het nie

’n Mens verstaan die versoeking van Jesus beter as jy daarna kyk met hierdie perspektief, dit wat een van die heel groot temas van die Nuwe Testament is: Jesus was waarlik mens.

When the Son became a man, He did not cease to be divine, but He condescended to live as humans properly should—in full dependence upon, and submission to, God the Father by the power of the Holy Spirit… He became human, **surrendering access to His divine prerogatives**… (*The Apologetics Study Bible: Real Questions, Straight Answers, Stronger Faith*)

Hy het nie sy Godwees prysgegee om mens te word nie, maar **Hy het sy deelhê aan die heerlikheid en mag prysgegee**. Omdat Hy aan sy Vader gehoorsaam was, is **sy vermoëns ingeperk**. Jesus van Nasaret was **soos ander mense onderworpe aan tyd, plek en baie ander beperkings.** (Die Bybel in Praktyk)

Jesus, die mens wat versoek word, kom vir dertig jaar 'n pad. 'n Pad waarop Hy vanaf 'n klein baba, dan 'n seuntjie, dan 'n man, moes uitvind, onderskei, leer wie God is, en wie Hy sélf, die mens Jesus is, en waarvoor Hy in hierdie wêreld is.

En sy pad van ontdek en leer en onderskei was 'n ménslike pad. Oor en oor sê Nuwe Testament Hy moes *léér*... *léér* gehoorsaam wees aan sy ouers, *léér* wat woorde en taal beteken, *léér* lees, *léér* bid, *léér* werk, *léér* om met mense om te gaan in konflik en vriendskap, *léér* om pyn, teleurstelling, tekort, swaarkry en emosies, vermoeienis en uitdagings te hanteer...

Die Nuwe Testament sê op verskeie maniere jy moet Jesus se mensheid ernstig opneem as jy wil verstaan wat Hy vir jou kom doen het...

- **Hy het Hom van Goddelike voorregte en vermoëns ontledig**

**Filippense 2:6-8**

6 Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie,

7 maar **het Homself ontledig** deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en **aan die mense gelyk geword**;

8 en in gedaante gevind **as 'n mens**, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

- **As kind moes hy leer en groei.**

**Lukas 2:46-52**

46 En ná drie dae het hulle Hom in die tempel gevind, terwyl Hy in die midde van die leraars sit en na hulle luister en hulle uitvra.

47 En almal wat Hom gehoor het, was verbaas oor sy verstand en sy antwoorde.

48 En toe hulle Hom sien, was hulle verslae. En sy moeder sê vir Hom: Kind, waarom het jy so met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het jou met angs gesoek.

[49]En Hy sê vir hulle: Waarom het u My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?

[50]En hulle het die woord wat Hy aan hulle gesê het, nie verstaan nie.

[51]En Hy het saam met hulle gegaan en in Násaret gekom, en Hy was hulle onderdanig. En sy moeder het al hierdie dinge in haar hart bewaar.

[52]En Jesus het **toegeneem in wysheid** en grootte en in genade by God en die mense (...making steady progress in wisdom and maturity and in favor in the presence of God and with men. NTET).

Net in sy eerste twaalf jaar vermag Jesus reeds meer as enige mens. Leer só met die Skrif omgaan, leer só met God praat in gebed en stilword en onderskei, dat Hy voor Hy 'n tiener is presies weet Wie Hy in die ewigheid was en nou as mens in hierdie wêreld is.

- **Hy het sy alwetendheid prysgegee.**

**Markus 13:32**

Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.

- **Hy moes sy Vader se wil in elke situasie in diep afhanklikheid en sensitiwiteit leer onderskei.**

**Johannes 5:19, 30**

[19]Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, **die Seun kan niks uit Homself doen** tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hý doen, dit doen die Seun ook net so...

[30]"**Uit my eie kan Ek niks doen nie**: Ek oordeel soos Ek dit van die Vader hoor, en my oordeel is regverdig, omdat dit nie my wil is wat Ek nastrewe nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.

- **In die stryd van versoeking moes Hy leer om te gehoorsaam en oorwin.**

**Hebreërs 2:14, 17-18, 4:15**

[14]Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook **op dieselfde manier** deelagtig geword...

[17]...Hy [moes] **in alle opsigte aan sy broeders gelyk** word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees... [18]Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat

versoek word…

[4:15]Want ons het nie ’n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat **in alle opsigte versoek is net soos ons**, *maar* sonder sonde.

[5:8]Hy, al was Hy die Seun, het **gehoorsaamheid geleer** uit wat Hy gely het…

Dink nou weer aan die derde versoeking van Jesus die mens…

**Val voor my neer en aanbid my…**

Dit wat móét waar wees vir hierdie derde versoeking om werklik vir Jesus ’n versoeking te wees is dat die Bose nie boos moet voorkom nie, hy moet aanbiddingswaardig voorkom. Met die eerste oogopslag moet dit reg lyk om hom te aanbid.

En Paulus sê dis presies waarmee Satan die hele mensdom uiteindelik wil mislei deur sy plan met die Antichris:

**2 Thessalonicense 2:4**

…die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en **voorgee dat hy God is**.

**2 Korinthiërs 11:14**

…die Satan self verander hom in **’n engel van die lig**.

Ek dink nie ons kan ons indink in presies wat in die derde versoeking gebeur het nie. Jesus moes as mens onderskei: Hierdie bonatuurlike wese van lig is nie waarlik lig nie. En die koninkryke van die aarde wat hy My wys is bloot syne in die sin dat hy met slinksheid en leuens die beheer oor mense se ambisies, mag en moraliteit gekry het.

*“Buig, val neer voor my, en dis joune…”*

Die versoeking is intens. Dis wérklik. Die wese voor Jesus lyk hemels. Die aanbod is in lyn met Jesus se missie op aarde, naamlik om die koninkryke van hierdie wêreld uiteindelik geheel en al onder sy beheer te kry. Alles klink reg…

**Maar Jesus, die volmaakte Mens, is voorbereid.**

Alles oor die Skrif, oor sy identiteit, oor sy Goddelikheid, oor sy taak in hierdie wêreld moes Jesus uitvind, ontdek, léér… en vir dertig jaar hét Hy.

En na dertig jaar, net ná sy doop, ontvang Hy vir die eerste keer 'n buitengewone bevestiging van Wie Hy is, dit wat Hy sy hele lewe lank reeds, as mens, uit die Skrif, en uit sy verhouding met God ontdek, en geglo het. Hy sien hoe die Gees soos 'n duif op Hom neerdaal en 'n stem sê: "Dit is my geliefde Seun in wie ek 'n welbehae het."

En juis dít is wat die duiwel wil aanvat, Jesus se oortuiging oor Wie Hy is en wat Hy moet kom doen. Alles wat Jesus geleer het, en die hemelse bevestiging na dertig jaar, nóú is die tyd om die saad van twyfel te saai, "Jesus, is Jy seker oor die visioen van die duif, en oor die stem? Hier is ek, 'n heerlike wese, tog duidelik meer as 'n duif, meer as net 'n stem. En hier is al die koninkryke. Jy het mos gekom om Koning te wees…"

O, die oomblik…

Maar Jesus het geleer. Die Skrifte leef in Hom. Wie sal weet waaroor Hy alles hier op die berg dink… Ons lees in die evangelies net 'n kort verslag van 'n langer, uitmergelende fisiese, intellektuele, emosionele en geestelike worsteling.

Maar een ding weet ons, tydens die versoeking is die plan van God nog 'n geheim. Niemand op aarde, of in die hemel, behalwe Die Vader, die Seun en die Heilige Gees, weet die plan behels Jesus se *vrywillige* dood nie. Niemand weet dat die bloed van die derduisende lammers van die eeue gepraat het van hierdie Lam en sý bloed nie. Niemand verstaan presies waarvan byvoorbeeld Jesaja 53 praat nie…

En met hierdie versoeking óórspeel Satan nie sy hand nie, hy ónderspeel dit…

Ja, in die profesieë word voorspel die Messias se koninkryk sal oor die hele aarde wees. So byvoorbeeld, in die gróót Messias-hoofstuk, Jesaja 53, pas vers 12 perfek in by Satan se aanbod dat Jesus sal heers oor al die koninkryke…

**Jesaja 53:12**

Daarom gee Ek hom 'n ereplek onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel... (with the great [kings and rulers]—Amp)

In Jesus se binneste moet Hy onderskei, "Hy wat die aanbod maak, hy wat soos 'n engel van die lig praat en lyk, wat van die ander verse in Jesaja 53? Hoekom hoor Ek niks van bloed by hom nie? Dan ken hy mos nie die geheim nie. Hoe is dit dat hy My die Koning wil maak sonder dat Ek die Lam is? Hoe praat hy van buit sonder om van bloed te praat? Ek het gekom om my lewe te offfer. Hoe is dit dat hy vers 5 ignoreer, 'n vers waarvoor Ek myself in die ewigheid, en hier op aarde al vir dertig jaar, voorberei?"

**Jesaja 53:5**

Hy is ter wille van ons oortredinge **deurboor**...

Wat 'n woord... *deurboor...*

Miskien het Jesus gedink aan 'n ander voorspelling in die Skrif oor die Messias... En weer 'n woord soos deurboor...

**Psalm 40:7 (OV)**

7 U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie; **ore het U vir my gegrawe**; brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie.

gegrawe: karah... wat ook *deurboor* beteken

Verklaarders koppel dit aan die wet oor slawe. As 'n Hebreeuse man sulke groot ekonomiese pobleme het dat hy homself aan 'n ander Hebreër verkoop as 'n slaaf, dan, na ses jaar, moes hy vrygelaat word. Tensy hy nie wóú vryraak nie...

**Exodus 21:2-6**

5 Maar as die slaaf reguit sê: Ek het my heer, my vrou en my kinders lief; ek wil nie as vryman weggaan nie—

6 dan moet sy heer hom na die owerhede bring en hom by die deur of die deurpos bring; en **sy heer moet sy oor met 'n els deurboor; daarna moet hy hom vir altyd dien.**

**Deuteronómium 15:16-17**

16Maar as hy vir jou sê: Ek wil nie van jou weggaan nie—aangesien hy jou en jou huis liefhet, omdat dit vir hom goed was by jou —

17**dan moet jy 'n els neem en dit deur sy oor en in die deur steek, sodat hy vir altyd jou slaaf word**; en ook met jou slavin moet jy net so doen.

"Jy wat soos 'n engel van die lig lyk, Ek weet wie jy is… Gaan weg, Satan!"

Want Jesus het gekom om 'n slaaf te word.

**Filippense 2:7-8**

7…Hy het Homself verneder **deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.** En toe Hy as mens verskyn het,
8het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

'n Hebreeuse slaaf het sy oor teen die hout van 'n deur gesit, gewillig dat sy oor deurboor word, omdat hy sy heer vir altyd wou dien.

Die Hebreërskrywer haal Psalm 40 aan, en sê dit praat oor dié Slaaf wat ook bereid was om deurboor te word. Maar, hoe vreemd, die skrywer verander die psalm…

**Psalm 40:7-8**

7U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie; **ore het U vir my gegrawe** (deurboor); brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie.

8Toe het ek gesê: Kyk, ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskrywe.
9Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen

**Hebreërs 10:5-8**

5Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar **U het vir My 'n liggaam berei** (OT-gegrawe, deurboor).

6Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie.
7Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom—in die boekrol is dit van My geskrywe—om u wil te doen, o God.

Gaan weg agter my Satan. Jy ken nie die geheim nie…

O, die Seun van God, God die Seun, Seun van die mens, het gekies om ’n slaaf, ’n liefdes-slaaf te wees. Hy het gekies om mense en God te dien. Nie net ’n els deur sy ore aan ’n hout-deur nie, maar spykers deur sy hande en voete aan ’n houtkruis. Slaaf, dienskneg van God en mense.

Gaan weg Satan, Ek aanbid my God en Vader, Hy het vir my ’n liggaam berei om te offer vir die redding van die wêreld.

**Filippense 2**

9 Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is,

10 sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is,
die knie sou buig, 11 en elke tong sou erken: “Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader.